Wes-Kaapse Regering

Wes-Kaapse Onderwysdepartement
**Phagan Abrahams**
Direktoraat: Verskaffingskettingbestuur
Phagan.Abrahams@westerncape.gov.za | 021 467 2762

Lêerno.: 7/1/P
Verwysing: 20240905-6535

Omsendbrief: 0027/2024
Vervaldatum: Geen

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure (Hoofkantoor en distrikskantore), Adjunkdirekteure (Hoofkantoor en distrikskantore), en Hoofonderwyskundiges (Hoofkantoor en distrikskantore)

Kort opsomming: *Die doel van hierdie omsendbrief is die uitreiking van die GG-vervoerbeleid van die Wes-Kaapse Onderwysdepartement, 2024.*

**Onderwerp: Goewermentsgarage- (GG-) vervoerbeleid van die Wes-Kaapse Onderwysdepartement (WKOD), 2024**

1. Die doel van hierdie omsendbrief is om die GG-vervoerbeleid van die WKOD, 2024 uit te reik.

2. Die GG-vervoerbeleid van die WKOD, 2024 is aangeheg en tree onmiddellik in werking.

3. Die aangehegte beleid verteenwoordig 'n enkele bron van inligting oor die bestuur en gebruik van GG-voertuie binne die WKOD. Die doel van hierdie beleid is om die nodige voorskrifte aan personeellede te verskaf om sodoende te verseker dat voertuie op 'n effektiewe, doeltreffende, ekonomiese en deursigtige wyse gebruik en onderhou word.

4. Alle vorige goedgekeurde GG-vervoerbeleide van die WKOD word hiermee herroep.

5. Bring asseblief die inhoud van hierdie omsendbrief onder die aandag van alle personeel.

**GETEKEN:** B WALTERS
**HOOF: ONDERWYS**
**DATUM:** 2024-10-01